Universiteit van Pretoria Jaarboek 2017

MDietetics. (Gedoseer) (10259004)

Duur van studie	2 jaar
Totale krediete	200

Programinligting

Vir die gedoseerdeleergangkomponent, moet ’n student ’n totaal van 40 krediete kernmodules neem en ’n totaal van 20 krediete uit die keusemodules kies. Enige spesifieke module word aangebied op voorwaarde dat ’n minimum aantal studente soos deur die departementshoof en die Dekaan bepaal, daarvoor registreer. Studente moet die departementshoof sowel as die inligting oor die leerplanne van die modules raadpleeg ten einde ’n sinvolle program saam te stel. Die Departement se nagraadse brosjure moet ook geraadpleeg word.

Sien ook Algemene Regulasies.

Toelatingsvereistes

- Behoudens die bepalings van Algemene Regulasie G.62 is minstens 'n Baccalaureusgraad in Dieetkunde/Mensvoeding asook registrasie as dieetkundige by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika 'n vereiste.

- Minstens een jaar heeltydse praktiese ondervinding word vereis ná verwerwing van die kwalifikasie wat toelating tot die magisterstudie verleen.

- Studente word op grond van vorige akademiese prestasie gekeur.

Addisionele vereistes

(TNM 802) Toegepaste navorsingsmetodologie 802 of 'n gelykwaardige module moet bevredigend bygewoon word.

Eksamens en slaagvereistes

'n Finale punt van minstens 50% word vereis om in die gedoseerde leergang te slaag. Minstens 50% word vereis om in die skripsie te slaag.

Slaag met lof

Die graad word met lof toegeken aan ’n student wat ’n gemiddelde van minstens 75% in die gedoseerde leergang behaal het asook minstens 75% in die skripsie.

Kurrikulum: Jaar 1

Kernmodules

Miniverhandeling: Dieetkunde 896 (DEK 896) - Krediete: 120.00
Gevorderde navorsing en voedingsepidemiologie 870 (DEK 870) - Krediete: 20.00
Toegepaste navorsingsmetodologie 802 (TNM 802) - Krediete: 0.00
Voedingassesering 871 (DEK 871) - Krediete: 20.00

Keusemodules

Voedingsondersteuning 818 (DEK 818) - Krediete: 10.00
Nutrigenomika 819 (DEK 819) - Krediete: 10.00
Immunovoeding 814 (DEK 814) - Krediete: 10.00
Voedingsraadgewing 816 (DEK 816) - Krediete: 10.00
Sportvoeding 815 (DEK 815) - Krediete: 10.00
Mikronutriënt-wanvoeding 873 (DEK 873) - Krediete: 10.00
Dieetverwante nie-oordraagbare leefstylsiektes 817 (DEK 817) - Krediete: 10.00
Vroeë kindervoedingintervensie 874 (DEK 874) - Krediete: 10.00

Kurrikulum: Finale jaar

Kernmodules

Miniverhandeling: Dieetkunde 896 (DEK 896) - Krediete: 120.00
Voedingassesering 871 (DEK 871) - Krediete: 20.00
Gevorderde navorsing en voedingsepidemiologie 870 (DEK 870) - Krediete: 20.00
Toegepaste navorsingsmetodologie 802 (TNM 802) - Krediete: 0.00

Keusemodules

Mikronutriënt-wanvoeding 873 (DEK 873) - Krediete: 10.00
Immunovoeding 814 (DEK 814) - Krediete: 10.00
Dieetverwante nie-oordraagbare leefstylsiektes 817 (DEK 817) - Krediete: 10.00
Voedingsondersteuning 818 (DEK 818) - Krediete: 10.00
Nutrigenomika 819 (DEK 819) - Krediete: 10.00
Sportvoeding 815 (DEK 815) - Krediete: 10.00
Voedingsraadgewing 816 (DEK 816) - Krediete: 10.00
Vroeë kindervoedingintervensie 874 (DEK 874) - Krediete: 10.00

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.